

9 Oktober

Lukas 15:11-32

Ingewag met ope arms

Die hoofkarakter in hierdie verhaal is die vader. Hy word aan ons voorgehou as 'n besondere man. As sy jongste seun sy erfdeel opeis, tot geld maak en die huis verlaat, laat die vader hom begaan. As die oudste seun in opstand kom en ewe grootmeneer weier om binne te kom, gaan die vader na buite en praat mooi met hom. In hierdie vaderhuis is daar nóg dwang, nóg dreigemente. Net liefde.

Daarom sien ons dat juis die herinnering aan die Vader se bestuurstyl, aan sy optrede teenoor sy slawe, die jongste seun die vrymoedigheid gee om terug te keer huis toe. En kyk na die verwelkoming: Net vreugde, geen verwyte. Inderdaad 'n vader duisend! Hiermee gee Jesus aan my en jou die wonderlike versekering van sy Vader se liefde. Hy bly ons liefhê, ondanks ons grootste foute en sonde. Ook as ons wegdwaal, wag Hy op ons met ope arms. Nie omdat Hy nie almagtig is nie, maar omdat Hy wil dat ons Hom sonder dwang, sonder die vrees vir dreigende oordeel, innig sal liefhê.

En dit is immers nie moeilik nie. Want watter Vader is HY nie! Die bewyse van sy liefde en geduld met sondaars soos ek en jy is die Bybel vol. Wat getuig luider daarvan as die hamerhoue aan die kruis?

En daarom: Al val ek hoe diep in die sonde, kan ek daarop staatmaak dat my Vader my met ope arms inwag. Laat ek met vrymoedigheid my terughas, getrek deur sy liefde.

Sing: Skrifberyming 19:1

Ds. D. Pansegrouw (Burgersdorp)